Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 2 NOVEMBER 2025

### Eredienste

**09:00 Erediens - Doop**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Romeine 6: 1-5 (1983 vertaling)
**Tema:**Wat beteken dit vir my, dat ek gedoop is?

**18:00 Aanddiens (Kleinkerk)**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Romeine 6: 1-5 (1983 vertaling)
**Tema:**Wat beteken dit vir my, dat ek gedoop is?

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**
**Aanbieder:** Nadine
**Tema:** Jesus word gebore

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Mienke Humphries
**Tema:** Wat/Waarvoor bid ek? - Filippense 4:6-7, Jakobus 1:5 en 1 Petrus 5:7 en **Kerskonsert oefening**

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Mienke Humphries
**Tema:** Wat/Waarvoor bid ek? - Filippense 4:6-7, Jakobus 1:5 en 1 Petrus 5:7 en **Kerskonsert oefening**

**10:00 TvC (Gr 8 -10) – Kerkgebou**
**Aanbieder:** Magdelie Erasmus
**Tema:** Kerskonsert oefening

### DIE KOMENDE WEEK…

**<u>Woensdag 5 November</u>**
**09:00 –** Bybelstudie (ds Leon) – Kleinkerk
**18:00 –** Mannegroep – Lokaal 2

**<u>Donderdag 6 November</u>**
**14:00 –** Naaldwerkklasse – Lokaal 1 & 2

### SONDAG 9 NOVEMBER
### Dankbaarheids Sondag

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2 - Afsluiting**
**09:00 Kinderkerk & JOG**
Kerskonsert oefening & Bybelstap en Fietsry
10:30 - Kategese Afsluiting
**TvC 10:30 Bybelstap en Fietsry –** Kategese Afsluiting

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Teologiese Studente Bystandfonds**

## DOOP

***Adelle Dihanna Marais,*** dogter van Deon en Mathilda Marais, Amandellaan Bainsvlei.
***Mila Terblanche,*** dogter van Ruben en Madeline Terblanche, Basecamp Safari's, Windsorton.
***Jandre Johan Wiese,*** seun van André en San-Mari Wiese, Rias van Wykstraat.

## Lief en Leed

Herculine Bekker, Kambro, sterk in hospitaal aan na 'n operasie.

**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Vera du Toit, Summerplace, verjaar 6 November (85)

Ds Leon se ma is tans in die hospitaal, hy sal vanaf Maandag tot Donderdag oggend in die Kaap wees. In geval van nood, kontak die Kerkkantoor anders sal hy Donderdag middag weer beskikbaar wees.

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

## AKSIE AFGETREDENES

**Jaareindfunksie**
**Dinsdag 18 November 2025**
**11:00**
Aansit Spitbraai ete
**R105 pp (lede en nie-lede)**
**Waar:-** Danie en Jinny se plek, Waterberglaan 35, Spitskop
Bespreek en betaal by die Kerkkantoor teen 12 November

## DANKBAARHEIDSMAAND

As gemeente en huisgesin van God beleef ons daagliks ons Hemelse Vader se onvoorwaardelike liefde, goedheid en guns en daarom kan ons nie anders as om opnuut ons dankbaarheid teenoor Hom te betoon nie.
**Sondag 9 November is ons spesiale Dankbaarheids Sondag waar jy die geleentheid kry om 'n spesiale dankoffer te bring.**

Bydraes vir Dankbaarheidsmaand kan ook deurlopend geskied deur middel van al die betalingsmetodes met die verwysing "Dankbaarheid".
Die rekening bly oop tot aan die einde van die boekjaar in Februarie.

## AKSIE OLYFTAK

**DINSDAG 11 NOVEMBER**
Laaste byeenkoms van die jaar.

**Ons vertrek 09:40 van die Kleinkerk af.**

## WATERBRON GEMEENTE - BASAAR

**Vrydag 7 November 17:00**

Verskeie uitstallers en lekkernye te koop asook:
- Rou vleis teen bekostigbare pryse
- Braaivleis
- Skyfskiet
- Speletjies vir die kinders
- Teetuin waar u tee/koffie met 'n stukkie koek/tert kan geniet
- Beesloop waar u 'n skaap kan wen




**Inskrywingsgeld t.b.v Bybelverspreiding kan op die dag betaal word. (**Kaart betalings kan ook gedoen word**) Laat weet asseblief vooraf, <u>nie later as Vrydag 7 November</u>, vir Lisa dat julle daar gaan wees, ter wille van hul aankope van die verversings.**



# DANKOFFER BYDRAES

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees. Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**
Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**
Koeverte is by die deure en die Kerkkantoor beskikbaar

**4. Inbetalings by kerkkantoor**
U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal. Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is "Dankoffer".

**5. Snapscan**
SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

SnapScan kode is in die banke aangebring vir u gerief, indien u verkies om eerder daarvan gebruik te maak ipv om kontant saam te bring.

Snap here to pay

SnapScan

**KONTAKBESONDERHEDE – KERKKANTOOR**

Telefoon 051-4462225; WhatsApp 0659640101; epos ngklhp@mweb.co.za

**Toegangshekke:-** Indien u gedurende die diens die terrein moet verlaat, skakel 0659640101. Indien u in 'n beroep is wat vereis dat u dalk gedurende die diens die terrein moet verlaat, kontak die Kerkkantoor om u nommer op die stelsel te laai sodat u self die hek kan oopmaak om die terrein te verlaat.